
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die party-politiek bepaal die moontlikhede om die party aan bewind te kry die beleid*




*In die Ossewabrandwag bepaal die noodsaaklikhede om die volk te laat lewe die beleid*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 25 NOVEMBER 1942. No. 3.

# Kinders te Voet op Pad na O.B-Fees

## Dr. Van Rensburg Beantwoord Dr. Malan se Vraag

**'n Antwoord op dr. Malan se vraag hoe die Ossewabrandwag staan teenoor geweld, is voorverlede Saterdag deur dr. J. F. J. van Rensburg gegee toe hy 'n groot O.B.-fees op 'n plaas naby Swartruggens, Transvaal, toegespreek het. ,,Dr. Malan het op Beaufort-Wes om inligting gevra hoe ons staan teenoor geweld en my antwoord aan hom is dat, indien die Ossewabrandwag enigiets in die skild gevoer het in verband met geweld, dr. Malan een van die laaste persone sou wees aan wie ek enige inligting in verband daarmee sou gee. Ek weet daar kom weer 'n parlementsitting en onthou nog hoe hy by 'n vorige geleentheid met 'n beëdigde verklaring na die Minister van Justisie, wat aan die hoof van die speurdiens in die land staan, gehardloop het om dit ter tafel te lê,'' het hy verklaar.**

By die aanvang van die verrigtinge in die oggend het kommandant C. Geyer aangekondig dat die bedoeling was om, soos jaarliks gebeur, ook 'n groot kinderfees te hou. Hy het probeer om van die Pad-vervoerraad permitte te kry om die kinders in vragmotors na die feesterrein te vervoer. **Toe dit egter bekend word dat die fees onder beskerming van die O.B. plaasvind is permitte geweier.** Gevolglik het die kinderfees feitlik in duie gestort.

**Die verrigtinge was egter pas aan gang toe iemand wat van Swartruggens met 'n motor aangekom het, kom vertel dat hy die kinders langs die pad gekry het. Hulle het besluit om die afstand van meer as dertig myl te voet af te lê.** Die verrigtinge is onmiddellik onderbreek en 'n stoet motors is bymekaargebring. Onder leiding van dr. Van Rensburg het 'n aantal persone uitgegaan om die kinders te gaan haal. **Sommige van die outjies, onder wie 'n aantal meisies, het egter reeds meer as tien myl gestap. Met middagete het 'n persoon wat van Koster gekom het, ook kom meedeel dat 'n groep kinders daarvandaan te voet op pad is. Dr. Van Rensburg, saam met 'n aantal ander persone het van die tafel opgestaan om hulle te gaan haal. Teen die middag was daar tussen 300 en 400 kinders op die fees.**

Dr. Van Rensburg het 'n spesiale woord van dank aan hierdie kinders gerig. En die rol wat die kind reeds gespeel het is belangrik. Daar is die geval van die jong dogter, Elsabe Nel, wat na die tronk gegaan het, liewer as om teen haar mede-Afrikaner te getuig. **Daar is die geval van Koppie Kruger wat liewer houe met die rotting ondergaan het as om teen sy mede-Afrikaner te getuig.** As hierdie funksie onder beskerming van die waarheidsleër of selfs onder beskerming van die kommunistiese verteenwoordiger van die goddelose Rusland gehou was, sou daar geen moeilikheid gewees het om hulle vervoer te kry nie. Omdat die Empire egter in die oë van hierdie kinders dieselfde lig sien brand as wat hy gesien het in die oë van die 23,000 kinders wat in die konsentrasiekampe omgekom het, moet hulle weggehou word van 'n fees van die O.B.

BONDGENOTE

Die Empire veg nou aan twee fronte in Afrika. In die Noorde is daar trompetgeskal oor oorwinnings by Oran, Algiers en ander plekke. ,,En ek wil u net herinner dat Oran nie 'n voorstad van Berlyn is nie, maar 'n Franse kolonie. As iemand op 4 September 1939 aan die Engelse wat destyds gesing het: ,,We'll hang our washing on the Siegfried line,'' gesê het dat hulle ná drie jaar van oorlog sou juig oor die verowering van 'n Franse kolonie, sou hulle jou as 'n gek bestempel het,'' het hy gesê. As die O.B. kyk na mense wat juig wanneer hulle 'n eertydse bondgenoot bombardeer, dan sê hy net: ,,Red ons van sulke bondgenote.'' Daarom soek die O.B. ook liewer sy bondgenote in ander kringe. En as die O.B. eenmaal 'n vriend gevind het, sal hy met hom enduit marsjeer.

Die demokrate in die land juig vandag omdat hulle meen dat die volkstate van Europa, die nasionale gesagstate, verslaan word. **As daardie state verslaan word, beteken dit nie dat die demokrasie gaan wen nie. Die demokrasie is reeds gedoem. As die volkstate verslaan word, beteken dit alleen die bolsjewisering van Europa en ons as deel van die Europese beskawing sal dieselfde lot wag. By ons egter is die proletariaat die naturelle-bevolking en as die proletariaat volgens die Russiese leer aan bewind moet kom, sal dit 'n swart Suid-Afrika beteken — die bolsjewisering van Europa en die verkaffering van Afrika.**

Die demokrasie, soos hy in die moderne tyd voorkom, is niks anders as die begin van kommunisme nie. Reeds het ons regering die mag om aan elke soldaat wat hier vir die Empire kom veg, burgerskap te verleen. Spreker het 'n paar dae gelede in Johannesburg se stasie binne sowat 'n uur meer as 200 Amerikaanse soldate gesien. Daar was ook Pole, Suid-Slawiërs, Belge en ander. Hulle sal deel uitmaak van die kieserskorps, die stemvee van die toekoms en hulle is beslis nie die mense wat christelik-nasionaal gaan stem nie.

In die Afrikaanse koffiehuis in Pretoria het 'n paar dae gelede 'n Sjinese offisier ingestap en toe die blanke meisie weier om hom te bedien, het hy van die bestuurder bediening geëis. Toe dit hom ook geweier is, het hy uitgestap en teruggekom met 'n Britse offisier wat geëis het dat die Sjinees bedien word. Toe die bestuurder nogtans weier om hom te bedien, het die Britse offisier gewaarsku dat meer van die saak gehoor sal word. Dit is die toestand wat vinnig ontwikkel en as 'n Asiaat bedien moet word, is daar niks om te verhoed dat 'n naturel ook bediening eis nie. ,,En daardie mense sal u nie deur 'n kruisie verwyder nie; maar ek twyfel nie daaraan dat 'n paar S.J.'s hulle sal kan uitgooi nie,'' het hy verklaar.

Ons het ook reeds die verdere bewys van die toename van kommunisme onder naturelle. Met die onlangse verkiesing van naturelle-senatore het mnr. Rheinallt Jones, 'n baie welmenende, hoewel volkome on-Afrikaanse kandidaat, die onderspit gedelf teen 'n sekere mnr. Basner, wat so na aan die kommuniste in hierdie land staan soos kan kom en wat heelwat meer van 'n on-Afrikaanse verskynsel is. Die naturelle kies die kommunistiese rigting.

Ons het reeds die Russiese verteenwoordiger by ons regering, mnr. Demianov, wat op 'n kommunistiese feesdag in die stad van Paul Kruger, 'n groot eetmaal gee waar hy saam met ministers soos mnr. Hofmeyr, mnr. Harry Lawrence en ook kommuniste aansit. Daar word ,,Die Stem van Suid-Afrika'' saamgespeel met ,,God Save the King'' en die kommunistiese ,,Internasionale.'' En as hulle hierdie oorlog wen sal in die land nie meer

*Vervolg op bls. 2.*



## KINDERS TE VOET OP PAD NA O.B.-FEES

*Vervolg van bls. 1.*

„Die Stem" saam met andere liedere gespeel word nie, maar slegs die „Internasionale."

**Daarom is die O.B. anti-demokraties. Daarom glo die O.B. nie in meerderhede nie. Daarom glo hy ook nie in oorwinnings soos dié by Oran nie en wag hy met vertroue op die verwikkelinge van die volgende paar maande waar waarskynlik die lot van eeue beslis sal word.**

Genle. K. Malan, hoof van die vroue-afdeling in Transvaal het ook spesiaal 'n beroep gedoen vir die Noodhulpfonds. Die uitgawes beloop reeds sowat £2,000 per maand. Die afhanklikes van mense wat op hierdie wyse in die moeilikheid raak, moet versorg word. Sy het 'n beroep gedoen op welgesteldes om die afhanklikes van geïnterneerdes en gevangenes te nooi om 'n vakansie by hulle te kom deurbring. Die Noodhulpfonds sal sulke mense se reiskoste betaal indien goedgesindes hulle graag vir 'n vakansie sal ontvang.

## GEESDRIF OP SUTHERLAND

'n Besielende vergadering is voorverlede Saterdag deur die Assistent-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, op Sutherland gehou onder leiding van komdt. Immelman. Die Generaal is buite die dorp ingewag deur 'n flinke kommando waarin ook die jeugfront 'n aandeel gehad het. Die funksie is die middag op 'n terrein in die dorp gehou waar 'n besonder gesellige gees geheers het. Veral die jeugfront in hul netjiese drag het die aandag getrek. Onder leiding van hul eie orkes het hulle uit die O.B.-liederbundel voorgedra. Hierdie groepie penkoppe verdien alle lof vir hul pragtige optrede en geesdrif.

Die aand is 'n goed bygewoonde vergadering in die Kerksaal gehou waar die A.K.G. 'n toespraak gehou het wat groot byvalsbetuiging uitgelok het. Hy het o.a. met verwysing na die O.B. se eenheidsbeleid verwys na die O.B.-eed as die grondslag van daardie eenheid. En dit is daarom dat die partyleiers wat op die grondslag van partyskappe staan in plaas van volkseenheid, hul volgelinge aanmoedig om die eed te breek.

Mev. H. S. Brink, lid van die V.A.R., het by die geleentheid haar kommandantskap wat sy tydelik beklee het om die kommando op gesonde voet te help bring, formeel oorgedra aan mev. Theron. Deur die vroue is haar 'n adres en ruikers aangebied as ook 'n koek met 'n versierde ossewa.

## KOS VIR GEVANGENES

Op sy jongste sitting het die dagbestuur van die Grootraad besluit dat die kosfonds vir die politieke gevangenes — wat totnogtoe 'n verpligting van die Randse en Pretoriase kommando's was — 'n saak vir die Noodhulpfonds moet wees, maar dat gelde spesiaal vir die doel gebrandmerk moet word.

Met die aanhouding van die politieke gevangenes in die Fort in Johannesburg het die vyf Randse generaalskappe 'n bedrag van £125 tot £140 per maand vir kosverskaffing en ander geriewe aanbestee. Nou is die meeste van hierdie mense na die Sentrale Gevangenis in Pretoria verplaas en word hulle deur die Pretoriase Generaalskap versorg.

Ons wil dus hiermee 'n beroep doen op almal wat kan om hierdie Afrikaners te hulp te kom. Laat ons ons meegevoel met hulle op daadwerklike wyse toon. Botter, eiers, vars groente en vrugte en produkte van allerlei aard is ook besonder welkom vir sowel die gevangenes as hul afhanklikes in Pretoria en aan die Rand waar die lewenskoste so geweldig styg. Ons doen 'n dringende beroep op die oop beurse en warm harte van alle Boere wat seker graag 'n vrywillige verpligting sal wil aanvaar om hul dankbaarheid te toon jeens hulle wat ly en offer alleen omdat hulle ook Boere is.

## ERKENNING

Die sekretaris van die Noodhulpfonds in Johannesburg wens sy dank te betuig vir twintig sakkies lemoene wat deur iemand met die van van Booysen van Sandflats gestuur is. Geen verdere besonderhede omtrent die goeie Samaritaan is bekend nie.


116 Takke 44,000 Lede — AVBOB — Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN



VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
VOLKSKAS-gebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA

Die Volk se Bank.



DE KOCKS se GARAGE

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.



AFRIKANERS

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

G. C. DU PLESSIS EN KIE.,
MôREMARK, JOHANNESBURG.

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.

Telegrafiese Adres: „Duplesko."

Bankiers: Volkskas, Johannesburg.



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*



Somerjassies

IN SY (uitgevoer)
en
SWAARLINNE,
is baie populêr

*Koop dit by*

Steyns

PAROW

Die Skiereilandse Moderne Afrikaanse Dames-Modiste



O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang....
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

Prys 2/6 Posvry

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU!!

O.B.-HOOFKWARTIER

Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.



SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

DIE O.B., WOENSDAG, 25 NOV. 1942.

# „Groot" in Indië Dog Vyfdekolonner Hier

„Dis loutere onsin om te sê dat Gandhi 'n vyfdekolonner is. Hy is 'n groot man. Hy is een van die groot manne van die wêreld. Hy word gelei deur hoë geestelike ideale."

Aldus veldm. Smuts aan 'n Indiese persman voorverlede week in Londen.

Dit gebeur selde dat 'n Afrikaner stof tot dankbaarheid vind oor wat veldm. Smuts te sê of te doen het. Die dankbaarheid kom gewoonlik van die kant van diegene wat hom as 'n „eertydse vyand" beskou. Maar ons kan nie help om hierdie keer dankbaar te voel vir die openhartige uitlating tans in Londen nie, al besef ons dat die krummels van sy welwillendheid nie juis vir sy eie volk in Suid-Afrika bedoel is nie, maar vir daardie onderdrukte volk in Indië wat Churchill, volgens sy jongste verklaring, voornemens is om binne die Britse boedel te hou. Dog waar die Indiërs en ons teen 'n gemeenskaplike onderdrukker veg vir dieselfde vryheidsideale, sal niemand ons kwalik neem as ons die uitspraak van hierdie Britse staatsman ook op ons eie volk van toepassing maak nie, al was dit nie vir ons bedoel nie.

Gandhi is geen vyfdekolonner nie, want „hy word gelei deur hoë geestelike ideale". Wat is daardie ideale? **Gandhi is die leier van die Indiese volksbeweging teen die geestelike en politieke onderdrukking van sy volk.** Indië is met geweld deur Brittanje verower en deur middel van Britse instellings daarna onderworpe gehou. In hierdie toestand het Gandhi na vore getree as die groot hervormer op maatskaplike en geestelike gebied en as voorvegter vir die vryheid van sy vaderland. **Om sy volk op politieke, godsdienstige en maatskaplike gebied weer vry van vreemde invloede te sien, was die hoë ideale wat hierdie volksman gekoester het en nog koester.**

**Ook ons.**

Die Ossewabrandwag veg vandag vir presies dieselfde „hoë geestelike ideale" ten opsigte van Suid-Afrika. Ook ons is bekommerd oor die vreemde invloede in ons volkslewe op geestelike en politiek-maatskaplike gebied, soos duidelik weerspieël word in ons leuse: My God, my Volk, my Land. **As Gandhi veg teen die liberalistiese invloede en poog om sy volk terug te lei na die tradisies van sy vadere, ook ons veg vir die handhawing van ons voorvaderlike lewensopvatting en tradisies teen die Britse liberalisme; as Gandhi hom verset teen die kapitalistiese uitbuiting van sy volk wat in ekonomiese slawerny gedompel is met behulp van die Britse Imperialisme, ook ons worstel om los te kom uit daardie kapitalistiese doodsgreep wat een-derde van ons volk tot armblankedom verskroei het; as Gandhi hom beywer om sy volk weer vry en verenigd te kry uit die bande van die Britse Imperialisme wat sy land in 'n oorlog gedompel het waarmee die volk van Indië niks uit te maak het nie, ook ons beywer ons om los te kom uit die bande van dieselfde Imperialisme wat ons seuns vandag op die slagvelde van die Empire laat sneuwel, en ook ons probeer om ons volk verenigd te kry uit die toestand van verdeeldheid waarin hy deur die Britse partystelsel gestort is.**

En tog, in Suid-Afrika is die manne wat vir daardie „hoë geestelike ideale" stry, vyfdekolonners wat deur die Smutsbewind in die Empire se tronke en doringdraadkampe gestop word.

**Verskil?**

Daar mag aangevoer word dat Suid-Afrika 'n vry land is wat oor sy eie wel en wee besluit, terwyl Indië dit nie is nie, en daarom is die vryheidstryder in daardie land „'n groot man", terwyl die Afrikaanse vryheidstryder 'n vyfdekolonner en rampokker is. Daar is egter geen verskil nie, behalwe dat Indië se onderworpenheid met geweld gehandhaaf word en dié van ons met geweld en bedrog. As die wetgewende liggaam van 'n Indiese Provinsie 'n maatreël in belang van die Indiese volk aanneem wat as strydig met die Britse belange beskou kan word, het die Britse goewerneur of die onderkoning die reg om daardie maatreël te belet. **As die Vrystaatse wetgewende liggaam 'n maatreël aanneem wat die Afrikaners in Bloemfontein groter seggenskap sal gee in die stadsbestuur wat vir honderd persent in Britse hande is, torpedeer ons Britse Goewerneur-generaal daardie maatreël ,en toe daardie maatreël onlangs vir 'n tweede keer deur die Provinsiale Raad aangeneem is, het die Britse staatshoof dit vir 'n tweede maal getorpedeer en in Bloemfontein verkeer die Afrikaanse gemeenskap vandag nog maar in dieselfde toestand van vreemdelingskap.**

**Geen verskil, dus, tussen Indië en Suid-Afrika nie.**

Indië is weens sy onderworpenheid deur sy eie bewind uitgelewer aan die Britse oorlogsdrywers, en om dieselfde rede en op dieselfde manier is Suid-Afrika in belang van die Britse oorlog uitgelewer, behalwe dat dit by ons gepaard gegaan het met 'n groter geknoei, soos onlangs geopenbaar is deur die openhartige erkennings in die Britse pers. Die Britse partystelsel wat na die verowering aan ons opgedring is, was die waarborg dat 'n Britse vyfdekolonne ons land in 'n oorlog sou dompel. **In die praktyk, dus, geen verskil tussen ons en Indië nie.**

Maar in Indië is die manne wat hulle teen die Britse stelsels beywer, „groot manne wat deur hoë geestelike ideale gelei word", terwyl in ons land hulle vyfdekolonners en rampokkers is.

**Een Verskilpunt.**

En tog is daar een verskilpunt tussen Gandhi en ons. Gandhi het sy volk opgeroep tot daadwerklike verset teen die Britse oorheersing. **Hy het leidelike verset afgekondig en sy volk gevra om die Britse bewind nie langer deur samewerking te erken nie.** Waar ons stryd en begeertes op alle punte ooreenstem met dié van Gandhi behalwe op hierdie een, sou dit miskien die wêreld se verskil maak wat hom verhef tot 'n „groot man wat gelei word deur hoë geestelike ideale", terwyl ons vyfdekolonners is wat teen die muur gesit moet word?

As die deelname van die Afrikanervolk aan die Britse demokrasie in Suid-Afrika in die pad staan van die erkenning deur veldm. Smuts van die regmatigheid van ons vryheidstryd, dan is dit nodig dat ons vir daardie erkenning kwalifiseer en die voorbeeld van Gandhi volg, **want wat „groot" en „hoog" in Indië ten opsigte van Indië is, moet ook groot en hoog in Suid-Afrika ten opsigte van Suid-Afrika wees.**

**So nie, as Gandhi geen vyfdekolonner is nie wanneer hy hom met alle beskikbare middels verset teen die Britse oorheersing, dan moet dieselfde beginsel ook ten opsigte van ons geld en dan is dit tyd dat ons vryheidsmakkers gelos word uit die tronke en kampe waar hulle gebrandmerk staan as vyfdekolonners in die Britse Ryk.**

## GENL. HERTZOG OORLEDE

**Net voor ons ter perse gegaan het, is berig ontvang dat genl. J. B. M. Hertzog oorlede is.**

**Ons kan op die oomblik net ons grootste meegevoel betuig met die volk van Suid-Afrika wat 'n groot leier verloor het op 'n oomblik van ernstige krisis en ook met sy familie in hul verlies.**

**Ons bring hulde aan die lewe van 'n man wat vir meer as dertig jaar lank sy volk as leier gedien het met die grootste liefde en toegewydheid.**

## MINISTER BEKOMMERD OOR 'N KOMMUNIS SE VERVOLGING?

Volgens die kommunistiese blad The Guardian is die sekretaris van die Kommunistiese Party, Moses Kotane, onlangs deur die polisie in hegtenis geneem kragtens die noodregulasies. **Die blad meld egter dat die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, „verstandig gehandel het" deur die geregtelike optrede teen die kommunis uit te stel hangende 'n persoonlike ondersoek deur die Minister!**

Sterk vertoë is deur die kommuniste dwarsdeur die land tot min. Steyn gerig om Kotane vry te laat.

## GROTER SPRAAKVERWARRING AS BY BABEL

### Ook Groter Mislukking?

Adv. J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in Transvaal, te Springs op 9 Julie 1942 (toe Duitsland groot oorwinnings behaal het): „Dr. Van Rensburg hoop blykbaar dat Hitler hom sal aanstel as plaasvervanger in Suid-Afrika as hy die oorlog wen, **maar ek is oortuig dat hy dr. Malan sal aanstel.**"

Adv. J. G. Strydom te Ermelo op 10 November 1942 (nadat Duitsland 'n ernstige terugslag in Noord-Afrika ondervind het): „Ek sê u dat as die Duitsers na Suid-Afrika kom, **hulle hierheen sal kom om Duitsland se belange en OM DUITSE BELANGE ALLEEN . .** "

Dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P., te Eppingtuindorp op 25 Julie 1942 (toe Duitsland groot oorwinnings behaal het): „Die vraag by ons is dit: Indien Duitsland die oorlog wen, wat gaan sy houding wees jeens Suid-Afrika? Ek het rede gehad om daardie vraag te stel, **want die POLITIEKE VYANDE verklaar onophoudelik dat Duitsland Suid-Afrika onder sy mag wil bring, dat hy Suid-Afrika wil annekseer . . .**

**„Duitsland het nog nooit die bedoeling gehad en sal dit nooit hê om Suid-Afrika op die een of ander manier te beheer nie, aldus die antwoord oor die Duitse radio."** (Dr. Malan het daarop laat volg dat hy hierdie verklaring aanvaar.)

Dr. Malan op 16 September 1942 in Pretoria (nadat die Duitse offensief in Rusland by Stalingrad tot stilstand gekom het): „Die Afrikaner wat op die ashoop wil sit omdat hy al sy hoop gesit het op 'n Duitse oorwinning en TELEURGESTELD geraak het, is 'n ontroue lafaard en 'n verraaier . . . **Ons is geen karakterlose en koerslose massa wat met die hoed in die hand na ander nasies moet gaan om te vra wat ons self moet wees nie.**" (Op 25 Julie het dr. Malan self aan Duitsland en Italië gevra wat hulle bedoelings met ons is, **en hy het die hoop uitgespreek „dat hulle sal sê dat Suid-Afrika 'n vrye en onafhanklike republiek sal wees"!)**

Met hierdie spraakverwarring hoop die politici om 'n republiek te bou hoewel die bou van die Toring van Babel om so 'n rede gestaak moes word.

## HOOFGENL. VAN ZYL OP GOODWOOD

Die Goodwoodse kommando het verlede Maandag 'n vergadering in die Kerksaal onder leiding van hoofkomdt. Steynberg gehou. 'n Besonder boeiende en leersame toespraak is by die geleentheid deur hoofgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl gehou. Hy het 'n geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van die volksbeweging gegee en op heldere wyse die teenstellings tussen die ou en nuwe gedagtes aangestip. Met verwysing na die behoeftes wat daar in die siele van die onderskeie volke ontstaan het as gevolg van die onnasionale en kapitalistiese instellings, het hoofgenl. Van Zyl dit vergelyk met die liggaamlike honger van die mens. As die Duitser honger word, gaan eet hy varkvleis en aartappels, maar as die Afrikaner dieselfde hongergevoel kry, gaan eet hy braaivleis en brood, en niemand durf dan sê dat hy die Duitser na-aap nie. Net so het ons volk vandag dieselfde geestelike en nasionale behoeftes as die Duitse volk en ons gaan in daardie behoeftes ook voorsien deur middel van die volksbeweging wat egter tipies Afrikaans van aard sal wees.

# *Sterk Die Bande van Bloed wat Ons Volk Saambind!*

(D.L. 4/42).

**I. Algemeen.**

Vir die Ossewabrandwag bestaan ons volk nie uit 'n mengelmoes van burgers wat hul Unie-burgerskap verkry het deur die willekeurige wetsbepalings van demokratiese party-regerings nie, maar wel uit daardie gedeelte van die bevolking wat as 'n organiese gemeenskapseenheid op hierdie eie vaderlandse bodem ontstaan en gegroei het tot 'n hegte gemeenskap van bloed, godsdiens, taal en kultuur, almal met dieselfde lotsbestemming. M.a.w. ons nasieskap is geen toevallige verlening van burgerregte nie, maar ons is 'n volk wat deur die Goddelike bestiering uit bepaalde bronne en met 'n eie roeping in hierdie land geplant is.

Die Afrikanervolk het gegroei uit die eenwording van Nederlandse, Duitse, Franse en in 'n geringer mate ook ander Wes-Europese bloed op die gemeenskaplike aanvaarde Suid-Afrikaanse bodem. 'n Gunstige voorwaarde vir die ondertrouing van die nedersetters was die gemeenskaplike Protestantse geloofsoortuiging, en die eenwording is verder verhaas deur 'n gemeenskaplike lyding onder 'n onsimpatieke owerheid, deur bloed wat saam gevloei het in die stryd om ons vryheid en deur die aanvaarding van 'n eie Afrikaanse taal en kultuur.

Net soos in 'n familiekring is die bande van bloedverwantskap 'n onvervangbare saambindende krag in 'n volk. Dit is die veiligste anker vir die bepaling van 'n volk se verhouding tot ander volksgroepe. Ons Kommandant-generaal het dit as volg beklemtoon: **,,Ons Afrikanerskap is 'n sedelike verpligting wat ons deur Gods Wil opgedra is en wat deur die bloed in ons are tot 'n lotsbestemming geword het wat ons nie kan ontkom nie. Alles kan ons verander, ons klere, ons beroep, ons burgerskap, ons partytrou, maar nie ons bloed nie, want ons bloed is onsself. Dit is 'n mistiese anker, 'n lotsgebondenheid wat geen keuse toelaat nie.''**

Die Afrikanervolk het immers deur sy verlede gewys dat die bloedfaktor vir hom een van die allerbelangrikste kwessies is, want bloedsuiwerheid was vir hom die hoogste eer en roeping en bloedvermenging met nie-blankes 'n gruwel en 'n skande. In hierdie strewe is ons volk gehelp deur die hegte patriargale familielewe wat so 'n vername kenmerk van die Afrikaanse gesinslewe was, want die huisgesin is in die eerste plaas die bewaarder van die bloedsuiwerheid van 'n volk.

**Maar die liberalistiese invloede wat onder beskerming van die demokrasie op elke gebied van ons volkslewe deurgedring het, het spoedig ook die bloedsuiwerheid van ons volk in gevaar begin stel.** Die liberalisme is nie alleen kleurblind nie, maar dit staan ook onverskillig teenoor die saamboerdery van blankes en nie-blankes in fabrieke en winkels en in die agterbuurtes van ons stede en dorpe en laat selfs binne- en buite-egtelike gemeenskap tussen blank en gekleurd oogluikend toe.

Ook in ander opsigte is die bande van bloedverwantskap in ons volkslewe deur die liberalistiese invloede aan vernietiging blootgestel. Van alle kante het dit die gesonde gesinslewe van ons volk ondermyn en daardeur die vernaamste beskermer van ons bloedsuiwerheid laat agteruitgaan.

**Partypolitiek.**

Ook die volksverdeeldheid wat deur die demokratiese party-politieke stelsel in die hand gewerk word, is 'n vernietiger van die bande van bloedverwantskap wat ons volk as 'n hegte organiese eenheid behoort saam te snoer. Deur die party-politiek word ons geleer om in elke volksgenoot wat om een of ander rede nie bereid is om 'n kruisie te trek waar jy hom trek nie, 'n ,,volksverraaier,'' 'n ,,Afrikanerrenegaat,'' 'n ,,uitgeworpene'' ens. te sien. **Ons oë word heeltemal gesluit vir die bloed wat daar in die volksgenoot se are vloei en ons vergeet dat ons deur ons bloedverwantskap saamgebind word tot 'n lotsgemeenskap, wat nie ons eie keuse is nie, maar deur God aan ons opgedra is. 'n Stembriefie het onder hierdie stelsel vir ons dikker as bloed geword.**

Deur onbeperkte strewe na eie-belang toe te laat en selfs te bevorder deur beklemtoning van die vryheid van die indiwidu het die liberalisties-kapitalistiese stelsel 'n skerp klassestryd in die hand gewerk; arbeiders verkeer in 'n gedurige stryd met kapitaliste, armes staan teenoor rykes, die een groep stry teen 'n ander groep, die een sien neer op die ander se werk, die een probeer altyd in 'n blinker en swieriger motor as sy buurman ry of hy dit kan bekostig of nie, die huis van mev. X moet meer in weelde uitblink as dié van mev. Y, die een voorstad moet uitstaan bo die ander as die aardse paradys van die deftigstes onder die deftigstes, die een se hoed moet skewer sit as dié van die ander, ens. **Deur hierdie klasseverskille word ons ook verblind vir die bloedband tussen volksgenoot en volksgenoot.**

Daarom sê die Ossewabrandwag: weg met die demokrasie en sy liberalistiese invloede van losbandigheid en onverantwoordelikheid en stel hy daarteenoor die organiese gebondenheid van die een volksgenoot aan die ander, van die boer aan die nyweraar, die kapitaalbesitter aan die werker, ryk en arm, ens., m.a.w. die verantwoordelikheid van bloed teenoor bloed. **Die Ossewabrandwag sien ons volk as 'n organiese eenheid; as die een ly, ly die hele volk daaronder en as dit met die volk moet goed gaan dan moet dit met elke gesin goed gaan. Vir die Ossewabrandwag is elke volksgenoot ewe belangrik weens die bloed in sy are en nie weens sy rykdom of armoede nie.**

Omdat die Ossewabrandwag die grootste waarde aan die saak van die Afrikaner-bloed heg en omdat hy die bewaring en bevordering van die bloedgemeenskap van ons volk veral in gesonde en selfstandige gesinne sien, beklemtoon hy die huisgesin as die grondslag van ons volksbestaan. **Daarom word in die eerste plaas gesorg vir die bevordering van 'n gesonde en selfstandige gesinslewe deur aan elke gesin 'n menswaardige welstand te verseker, hulle te help om gesond te bly en opbouende ontspanning te geniet en hoër waardes aan die volkslewe te heg.** (Vir nadere besonderhede word verwys na die brosjure: ,,Gesonde Gesinne bou 'n lewenskragtige Volk! Amptelike Gesinsbeleid van die Ossewabrandwag.'' — O.B.-uitgawes, No. 2).

Die Ossewabrandwag erken egter dat die bewaring van die bloedsuiwerheid van ons volk onder huidige omstandighede nie net deur positiewe vormingsmaatreëls en 'n beleid van rasse-apartheid bevorder moet word nie, maar dat bloedvermenging met nie-blankes en ongewensde volksgroepe streng verbied moet word, nie alleen deur gemengde huwelike in die ban te doen nie maar ook deur die swaarste strawwe op buite-egtelike gemeenskap te lê.

Op elke Brandwag rus die plig om reeds nou-al in sy daaglikse lewe te wys dat bloed vir hom/haar dikker as water is. Ons vestig die aandag slegs op 'n paar sakies:

**II. Die Man se Taak:**

Nieteenstaande die politieke verdeeldheid en kwaai gevoelens wat mag ontstaan het moet ons alles in ons vermoë doen om nie ons volksgenoot van ons te vervreem nie. Ons moet nie meer vir ons blind staar op 'n mede-Afrikaner se partylidmaatskap nie, maar moet liewer die bloed in sy are raak sien en probeer om hom deur ons positiewe optrede tot 'n skeppende krag in ons volksbeweging in te skakel. Ons moet nie vergeet nie dat woorde wek, maar voorbeelde trek. Ons in die Ossewabrandwag het 'n groot en edel taak om te verrig en hiervoor het ons die hulp van elke volksgenoot nodig. Probeer 'n volksgenoot nader te trek i.p.v. weg te stoot.

Ook moet ons nooit nalaat om ons mede-Afrikaner te wys dat ons in sy welvaart belangstel nie. Stap na die volksgenoot wat eensaam lewe of eensaam voel, wat met kommer en sorge vir die dag van môre vervul is, en gesels met hom oor sy welstand, sy werk en ons volksvraagstukke. Elkeen moet voel dat sy volksgenote in hom belangstel, ongeag watter werk hy doen, en of hy arm of ryk is. Elke volksgenoot moet voel dat hy lid van 'n lewende volk is, dat sy volk al sy kragte nodig het en dat hy op sy gebied sy deel tot die vervulling van ons volksroeping moet bydra.

Bloedverwantskap bring ook die verantwoordelikheid van hoederskap mee. Ons sê: ,,ek is my broer, my volksgenoot, se wagter.'' Wanneer 'n mede-Afrikaner in nood verkeer moet ons alles in ons vermoë doen om hom te help. As ons werkgewers is moet ons ook ons verantwoordelikheid teenoor ons werknemers besef en hulle behandel soos ons graag behandel sou wil gewees het as ons in hulle posisie was. As ons werknemers is moet ons ook ons verantwoordelikheid teenoor ons werkgewers besef en hulle die diens laat kry waarop hulle geregtig is. Albei is nodig want albei staan in diens van die volk.

**III. Die Vrou se Taak:**

Op die vrou rus veral die taak om haar volk te dien deur die bevordering van 'n gesonde gesinslewe en die sorgende liefde wat sy aan haar huis bestee. Met haar natuurlike belangstelling in die mens as lewende wese, is sy meer as iemand anders in staat om die bloedband van haar volk te versterk. Die vrou wat dus haar huis verwaarloos, verwaarloos daardeur ook haar volk. Laat ons alles in ons vermoë doen om ons mans en kinders so gelukkig moontlik te maak sodat hul huis vir hul altyd 'n aantrekkingskrag sal wees. Kinders moet aangemoedig word om hul ontspanning en vermaaklikhede tuis te geniet deur vir hulle gesellige byeenkomste, verjaardagpartytjies, ens., in die huis te reël.

Laat ons ons belangstelling in ons volksgenote toon deur te kuier by mekaar op egte Boerewyse, 'n helpende hand uit te steek waar hulp nodig is, ons kragte te wy aan volksorgwerk, en deur vriendelikheid met nog meer vriendelikheid te beantwoord. Wanneer ons weer in 'n koffiekamer sit en ons word deur 'n Afrikanermeisie bedien, moet ons haar beleefd behandel en indien moontlik ook na haar welstand verneem. Waar blanke bediendes in diens geneem word moet hulle so behandel word dat hulle as volksgenote heeltemal tuis in die huis kan voel.

So is daar honderd-en-een weë waarlangs ons die bande van bloed tot 'n kragtige volkseenheid kan smee, sodat elke volksgenoot kan voel dat ,,almal vir elkeen en elkeen vir almal'' leef.

BELÊ U GELD
waar dit van
3½% tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
SPOORBONDKAS
BEPERK
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

Ondersteun ons Adverteerders

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 4,668 | 5 | 5 |
| Lys 630 Manne-Kommando Kaapstad .. .. | | 14 | 0 |
| Hopefield Kommando .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Lys 373, Somerset-Oos Kommando .. .. | 7 | 3 | 6 |
| Oupa Roux — Kersgeskenke vir Kinders .. | 2 | 10 | 0 |
| Offergeld Bou Kaapstad .. .. .. .. .. | 3 | 12 | 4 |
| Jeugfront Kommando's Clanwilliam .. .. | 1 | 14 | 0 |
| Kollekte Verjaarsdagviering K.G. en A.K.G. Paarl | 18 | 7 | 5 |
| Suider-Paarl Kommando .. .. .. .. .. | | 12 | 6 |
| Offergeld Vrou-Kommando Hottentots Holland | | 17 | 0 |
| Vriendskap Sentrum Malmesbury .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| Maandelikse bydrae Vroue Kommando Aliwal-Noord | 4 | 11 | 0 |
| Bydrae Sept. en Okt Vroue-Kom. Robertson | 3 | 16 | 6 |
| | £4,732 | 3 | 8 |

### BYDRAE TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. | £18 | 10 | 0 |
| Mej. E. M. Roux, Die Rialto, Paarl .. .. | 10 | 0 | 0 |
| | £28 | 10 | 0 |

### TRANSVAAL TOT 7 NOVEMBER.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 9,626 | 8 | 5 |
| Kwitansie No. 1286 Kommando 14C .. .. .. | 1 | 14 | 0 |
| ,, ,, 1287 Kommando 7A1 en 7A3 | 11 | 10 | 0 |
| ,, ,, 1288 Kommando 2A2 .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1289 Kommando 9B5 .. .. | 2 | 14 | 6 |
| ,, ,, 1291 Kommando 3B1 .. .. | 3 | 7 | 6 |
| ,, ,, 1292 Kommando 2B1 .. .. | 2 | 2 | 0 |
| ,, ,, 1293 Kommando 2A2 .. .. | | 6 | 0 |
| ,, ,, 1294 Kommando 1C3 .. .. | 9 | 19 | 0 |
| ,, ,, 1295 Kommando 3A3 .. .. | 4 | 7 | 6 |
| ,, ,, 1296 Kommando 8C5 .. .. | 16 | 4 | 0 |
| ,, ,, 1297 Kommando 1C .. .. .. | 4 | 12 | 6 |
| ,, ,, 1298 Kommando 1C5 .. .. | 8 | 9 | 6 |
| ,, ,, 1299 Kommando 1C4 .. .. | 2 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1300 Kommando 2C2 .. .. | 4 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1301 Bydrae .. .. .. .. | 3 | 13 | 6 |
| ,, ,, 1302 Kommando 3C2 .. .. | 4 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1303 Kommando 12 .. .. .. | 40 | 16 | 4 |
| ,, ,, 1304 Kommando 2A4 .. .. | 10 | 0 | 0 |
| | £9,761 | 4 | 9 |

## OFFISIERE RY 36 MYL PER FIETS

Genl. F. S. Olivier van Graaff-Reinet maak in 'n brief melding van 'n treffende voorbeeld van pligsgetrouheid. By geleentheid van 'n dienslaer-samekoms aan die huis van hoofkomdt. A. H. Stander het twee jong offisiere van die distrik 36 myl per fiets na die dorp gery ondanks die feit dat hulle besitters is van 'n motor en ligte vragmotor. Hulle is twee vooraanstaande jong boere, maar met die oog op die petrolmoeilikheid het hulle besluit om per fiets na die vergadering te ry. Die generaal verklaar dat hierdie blyke van offervaardigheid hom as hoër offisier weer nuwe moed en krag vir die stryd gegee het.

## DIE JEUG OFFER

„Twee arm seuntjies Nicolaas Grobler (9 jaar) en Hendrik Grobler (7 jaar) van Spieskraal, pk. Koedoeskop, oor Northam, het met blymoedige gesiggies 12/6 aan my oorhandig vir die Noodhulpfonds," skryf komdt. N. F. L. du Toit uit Transvaal. „Indien twee behoeftige kindertjies soveel kan gee vir die groot saak, hoeveel meer kan die bevoorregtes nie gee nie?" vra hy.

## KOMITEE VIR BESOEKERS AAN INTERNERINGSKAMP

Op Koffiefontein is 'n komitee in die lewe geroep wat sal sorg vir goedkoop vervoer na die interneringskamp. Persone wat van hierdie diens gebruik wil maak, moet die Vrystaatse O.B.-hoofkwartier daarvan in kennis stel sodat die komitee die nodige reëlings kan tref.

Ook sorg die komitee vir bykomende voedselverskaffing aan die geïnterneerdes in die vorm van vars en droëvrugte en groente. Persone uit al vier provinsies verkeer in die kamp, en daarom help al vier provinsies saam in hierdie saak. Alle bydraes van groente en vrugte moet gestuur word aan komdt. J. L. Immelman, Weergevonden, Koffiefontein.

***ONDERSTEUN ONS BLAD***

**O.B.-AANDAG ! !**

ALLE OFFISIERE EN BRANDWAGTE VAN OMLIGGENDE KOMMANDO'S WORD UITGENOOI NA DIE BYEENKOMS TE

HEILBRON

op

*1 Desember*

om 2.15 n.m.

SPREKER:

DIE KOMMANDANT-GENERAAL

DR. J. F. J. VAN RENSBURG

KOM SEKER!

Kom in julle Duisende.

**O.B. KERSFEESKAARTE!!**

'n Keuse van vier pragtige kunswerkies met passende versies.

**Prys 6/- per dosyn (posvry)**

insluitend koeverte.

Verkrybaar van:—

**O.B.-HOOFKWARTIER**

Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

MALHERBE. — Aan mnr. en mev. Willem Malherbe van Pinelands 'n seun op 15 November in die Mowbray-Kraaminrigting.

### DANKBETUIGING

MNR. en mev. P. Geldenhuys, Sutherland, wens hiermee alle Offisiere, Brandwagte en vriende van harte te bedank vir belangstelling betoon gedurende die siekte van mev. Geldenhuys in die Hospitaal. Spesiale dank aan mnr. en mev. Thomas Theron, Sutherland, vir ons verblyf aldaar. Die goeie gesindheid van almal word van harte waardeer.

### BETREKKING GEVRA

O.B.-OFFISIER met 10 jaar ondervinding in algemene handelaarsbesigheid, soek 'n ander betrekking. Teenswoordige werkkring vyandiggesind. Getuigskrifte en besonderhede op navraag. Skrywe aan **G. J., Posbus 1411, Kaapstad.**

WAKKER jong Afrikaner (21) met kennis van boerdery en 5 jaar praktiese ondervinding van „Caterpillar" en ander Trekkers, soek 'n betrekking as Trekker-drywer en algemene reparasies op 'n Afrikaner plaas. Skrywe aan: **J. P. Smith, Smidswinkel, P.K. Amalfi.**

### GESONDHEID VAN DIE VOLK

'n **Lesing oor hierdie belangrike onderwerp** sal gegee word deur **mev. dr. D. du Plessis** in die **O.B.-Ruskamer, 4de Vloer S.A.S.-Bankgebou, Bloemfontein**, op **Donderdag, 26 November**, om **3-uur n.m.** Alle belangstellendes is welkom.

### TE KOOP

ANGELIERPLANTE. — Sterk gewortelde Angelierplantjies — **Regina** (lig-roos); **Rex** (helder-roos); **Corona** (donkerrooi); **Salur Regina**: 3/6 per dosyn; 15/- per 100; £7 per 1,000. **Dairymaid** (wit met fyn roos-strepies) 7/6 dosyn; **IDaho-Beauty** (pers) 7/6 dosyn. **K.M.B.** alleenlik. Posvry Unie. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

TAFEL-**Aartappels** van die beste kwaliteit teen 17/6 per sak. Bestellings word net K.M.B. aangeneem. Bestel van: **S. P. Gerber, P.S. Serpentine, Dist. George.**

### TE KOOP

WYN. — 5 gelling Port 30/-, Anker 43/6 . 5 gelling Muskadel Jeripigo 30/-, Anker 43/6. 5 gelling soet Muskadel 27/6, Anker 38/6. 5 gelling Worcester Hock stasie. Terme:— Kontant of K.B.A. Beste kwaliteit of soet Sjerrie 22/6, Anker 32/6. Gelewer Bonnievale gewaarborg. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, P.K. Bonnievale.**

### TE KOOP

PLANTJIES, gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6-10-0. Amerikaanse **Boomangeliere**: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk) en Rex (helderpienk), 3/6,. 15/- en £7. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 7/6, £1-10-0 en £10. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smit, Bus 80, Tzaneen.**

### KERSWENSE-TARIEF

BEPERKTE ruimte sal in ons uitgawe van 18 Desember verkrybaar wees vir KERSWENSE. Tarief 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam. Minimum 3/- per plasing. Kopieë moet die O.B. bereik nie later as Maandag, 14 Desember nie.

SPEELSKEIE van harde en taai houtsoorte word aangebied. Bottelvormige skeie 3/9. Vierkantige kop 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, George.**

**SASBANK**

**Verrig Volksdiens!**

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**W. VOIGT BPK.,**

**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

KAAPSTAD

●

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***

BESTE HEERSENDE PRYSE.

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

**DIE MODERNE KLEREMAKERS**

(Die Afrikaanse Firma)

●

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD.

●

Skryf om monsters en maatvorms.

GROOTE KERKGEBOU 306

3de Verdieping - - - - - - KAAPSTAD.

**KERSFEESKAARTE . . .**

MET DIE O.B.-WAPEN IN KLEURE

**5/- per dosyn (posvry)**

(insluitend koeverte).

KONTANT MET BESTELLING.

WEENS DIE SKAARSTE VAN PAPIER IS DAAR NET 'N BEPERKTE VOORRAAD VERKYGBAAR.

●

Bestel onmiddellik deur

**O.B.-HOOFKWARTIER**

916 Groote Kerkgebou - - - KAAPSTAD.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.